

KALIBREER

Die gemeentes van Openbaring



OPENBARING 3:7-13 KALIBREER VII

FILADELFIA

Agtergrond van Filadelfia

Filadelfia het sowat 40 kilometers suidoos van Sardis gelê. Die stad was veel jonger en minder bekend as die meeste ander stede van wie ons in die briewe lees. Die stad het ook die naam *Poort na die Ooste* gedra. Daar is 'n teorie dat die stad gestig was as 'n basis om die Hellenistiese kultuur na Klein-Asië uit te voer – as't ware 'n "sendingstad" om die Griekse waardes en lewenswyse te propageer.

Uit die brief is dit duidelik dat hierdie 'n goeie gemeente was – die beste van die sewe. Hulle was nie groot nie en ook nie baie invloedryk nie. Johannes skryf dat die Here geweet het hulle *min krag* het. Ons kan aanvaar dat hulle ook diskriminasie en ander uitdagings ervaar het omdat hulle nie wou meedoen aan die heidense feeste en rituele nie. Dit wil lyk asof hulle – soos die gemeente in Smirna – ook kwaai afgeknou (geboelie) is deur die Joodse bevolking.

Die gemeente word geprys vir twee goed wat hulle gedoen het:

- In moeilike omstandighede het hulle aan die evangelie vasgehou

- Hulle het nooit die Naam van Christus verloën nie, wat in die Romeinse wêreld van destyds ook 'n missionale getuienis daad was

Boodskap aan Filadelfia

Aan hierdie klein, brose gemeentetjie met min invloed, min krag, binne 'n stad wat 'n *poort na die Ooste* was met hulle griekse filosofie en waardes, moes hulle geweldig geïntimideerd gevoel het.

Dit is daarom betekenisvol dat Johannes begin met 'n profesie uit Jesaja (Jes 22:22) wat hier in Christus voltrek word: Christus het die *sleutel* vir hierdie brose gemeente. Dit is bevestigend van hoe die Openbaringsbrief begin: 'n Genadegroet *van Hom wat is en was en sal kom, van die Sewe Geeste om sy troon, en van JESUS CHRISTUS, die geloofwaardige getuie, eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde*. Christus die Pantokrator, die een met die sleutel in sy hand (nie Rome of die keiser nie, nie hulle Joodse broers en susters nie, nie Dionusos die beskermgod van die stad nie - god van wyn en partytjies).

Hierdie brose gemeente het waarskynlik gevoel soos hoe mens voel as deure die heeltyd vir jou toegaan. As dit lyk of jou geleentheid al hoe minder raak en die wiel net nie vir jou wil draai nie. Johannes herinner hulle dat dit nie hulle is wat deure moet oopmaak nie, maar dat Christus dit reeds vir hulle gedoen het. Soos wat die stad Filadelfia die poort na die Ooste was vir Griekse waardes, kom maak Christus vir hierdie klein gemeentetjie 'n **deur oop**. Dit herinner my aan Hosea 2:14 waar die Here vir sy volk sê: *Ek sal die Akorlaagte (dal van die dood) 'n poort na 'n nuwe toekoms maak. 'n Nuwe stad waar Christus die Heerser is . . .*

Een van die mooiste oomblikke in die brief is waar die boelies voor hulle die knie sal buig met die erkenning dat hulle deur God geliefd is (3:9). God skep nie net vir hulle nuwe moontlikhede nie, maar Hy maak ook die harte en oë van hulle grootste kritici oop. Sonder dat hulle dit besef raak hulle hierdie missionale gemeente – 'n deur na die nuwe stad Jerusalem.

Van hier af aan word hulle as 'n gemeente oor en oor bevestig:
God het hulle lief.
God hou hulle vas.
God maak hulle standvastig soos pilare in die Tempel.
God skryf sy eie naam op hulle, en so ook die naam van die nuwe stad en die naam van Christus.

Boodskap aan ons

Dis bemoedigend om te hoor dat soos wat God Filadelfia ontmoet in hulle

broosheid en weerloosheid met min krag, ontmoet Hy ook ons gemeente en elkeen van ons waar ons is.

In hierdie vreemde jaar waar ons vir lank toegesluit was in ons eie huise, en ook die kerk se deure toe was, is ons gedwing om nuut oor kerk- en gemeentewees te dink. Dit het ons genoop om aan nuwe moontlikhede van kommunikasie te dink. Ons het besef dat gemeentewees anderkant oopgesluite kerkdeure lê. Die kerk is terug na ons elkeen se huise, ons kantore, oor grense. Die sleutel: die herontdekking van Christus in elkeen van ons, wat ons inderdaad entrepreneurs van Hoop maak.

Die bemoediging aan Filadelfia geld ook vir ons:

God het ons lief.

God hou ons vas.

God maak ons standvastig soos pilare in die Tempel.

God skryf sy eie naam op ons, en so ook die naam van die Nuwe Stad en die naam van Christus.

Om oor na te dink

- Wat beteken dit vir jou dat Christus in jou is en jy dus 'n sleuteldraer is?
- Hoe sluit die metafoor van 'n *oop deur*, poort na 'n nuwe toekoms aan by ons gemeente se visie om 'n *stroom van lewende water* te wees?
- Hoe is ek 'n deur na hoop in my gemeenskap?